

Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 9

Die slaaf sê toe vir Saul: “Nee, wag! In hierdie stad is ’n man van God. Dié man geniet hoë aansien. Alles wat hy sê, gebeur net so. Kom ons gaan soontoe. Dalk kan hy vir ons sê waar om te soek.” (vers 6)

Die eerste wat ons van Saul lees, is dat hy uit ’n welgestelde huis kom (vers 1) en boonop aansienlik van voorkoms en gestalte was (vers 2). Verder kom hy uit die stam Benjamin (vers 21), ’n feit wat waarskynlik ’n belangrike oorweging was. Die eerste koning moes nie in ’n posisie wees dat hy sy gesag deur sy stamgenote se groot getalle kon afdwing nie. Verder was hy meer besorg oor sy pa se welstand as oor die donkies (vers 5). Alles dinge in Saul se guns.
Terugskouend oor sy lewe flikker die gevaarligte egter hier in die eerste berig oor Saul se lewe. Dit is duidelik dat sy slaaf baie meer van die profeet Samuel geweet het as hy. Saul het nie geweet hoe hy lyk of waar hy woon nie, of dat hy hulle dalk sou kon help nie. In ’n tyd toe Israel swaar op Samuel se leiding gesteun het, is dit vir my vreemd. Ek mis ’n geloofsdimensie by hom.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026